12 September 2017

Geagte Dominees/Kerkraad,

REFORMASIE 500: LAAT DIE KLOKKE BEIER!

Die viering van 500 jaar sedert die kerkhervorming is vir al ons kerke en geloofsgemeenskap ‘n geweldig belangrike mylpaal.

Pretoria FM as radiostasie het in sy kwarteeu van bestaan ‘n netwerk van samewerking met Suid-Afrikaanse kerke in die gereformeerde tradisie opgebou en vir ons is die viering van die Reformasie ook ‘n baie groot geleentheid tot dankbaarheid en getuienis.

Pretoria FM wil daarom op 31 Oktober 2017 op ‘n baie besondere manier bydra tot die viering van die Reformasie se 500 jarige bestaan en gang.

Tereg is die hoop en vertroue op en in Christus alléén, genade alléén, die Woord alléén, geloof alléén en alle eer aan God iets wat feesvreugde wek.

Ons beskou dit as deel van ons roeping om met dankbaarheid en met die middele tot ons beskikking die boodskap van die Reformasie te deel en het verskeie programme geïnisieer.

Van die programme word Oktobermaand uitgesaai. Ondermeer ‘n reeks waaraan meewerkende kerke se kerkhistorici aspekte van die Reformasie bespreek en op 29 Oktober 2017 word die gesamentlike herdenkingserediens direk vanaf die NG Kerk Universiteitsoord, Pretoria uitgesaai.

Ons wil u gemeente daarom ook nooi om verder in die vreugde van die feesjaar te deel deur op 31 Oktober 2017, om 6:59 vm deel te neem aan die lui van u kerk se kerkklokke. Ons wil graag soveel as moontlik kerke regoor Suid-Afrika uitnooi om aan hierdie projek deel te neem.

Hierdeur wil ons aan die gemeenskaplikheid van ons geloofskat gestalte gee en oor die lengte en breedte van ons land en sy mense hoop en geloof laat beier.

Indien u gemeente instem tot deelname aan die landwye projek, laat weet ons asb per e-pos by linda@pretoriafm.co.za van u voorneme om dit te doen. Ons sal graag in die aanloop tot die geleentheid op 31 Oktober erkenning aan gemeentes op die lug gee wat gaan deelneem. Ons verneem dus graag van u.

Met dank en seën toegewens,

Dr Christo Pretorius (VDM)
Uitvoerende direkteur: Godsdiensprogramme en Gemeenskapsontwikkeling: Pretoria FM